

5 April

Skrifgedeelte: 1 Konings 9:1-9, 24-28
Fokusgedeelte: 1 Koning 9: 25(c); Romeine 12:1

Gee jouself

Ons lees in verse 1-2 dat, nadat Salomo die tempel van die Here en die koninklike paleis klaar gebou en alles wat hy wou doen, voorspoedig afgehandel het, het die Here 'n tweede keer aan hom verskyn soos Hy by Gibeon aan hom verskyn het.

Salomo, koning van Israel, het alles wat hy aangepak het, voorspoedig afgehandel. In hoofstuk 3 lees ons hoe Salomo reageer het toe die Here vir hom gevra het "Wat wil jy hê moet Ek vir jou gee?" Nadat hy wakker geword het, het hy na Jerusalem teruggegaan en daar voor die verbondsark van die Here offers gebring – voorgeskrewe offers soos die Here dit wil hê.

Die woorde: "So het hy sy verantwoordelikheid in die tempel nagekom", soos dit in die NAV vertaal is, gaan nie oor Salomo se verantwoordelikheid oor bring van offers nie. In 1 Konings 3 lees ons van die eerste jare van Salomo se regering en dat hy in daardie tyd offers op die hoogtes gebring het. Die tempel was toe nog nie daar nie. Nou is die tempel voltooi en Salomo het nie meer sy offers op die hoogtes gebring nie, maar wel in die tempel en daardeur ook die laaste stap in die voltooiing van die tempel gedoen – "sodat hy die huis voltooi het." Sy werk is nou afgehandel, maar sy diens aan die Here gaan steeds voort. "Salomo het drie maal in die jaar brandoffers en dankoffers gebring op die altaar wat hy vir die HERE gebou het, hy het naamlik rook laat opgaan by die altaar wat daar was voor die aangesig van die HERE."

Wat maak ons met ons offers voor die Here? Getuig ons lewe van ware dankbaarheid vir die volmaakte offer wat gebring is? Hoe lyk ons verantwoordelikheid? In Christus het God die volmaakte offer vir ons gebring. In Christus is daar vir ons VOLBRING. Ons het nie meer nodig om drie keer per jaar ons besondere offers in die tempel te bring nie. Ons leef in God se genade en juis dit plaas ons voor die groot opdrag om elke dag in God se teenwoordigheid te leef. Hoe doen ons dit? Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesentlike van die godsdiens wat julle moet beoefen (Rom. 12:1).

Sing: Psalm 33:1, 2

Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)